Galasiërs Week 17: Eindig 26 April https://totueer.blog/52-weke/ **Vrygespreek deur geloof**

Evangelie van genade verdedig (1-2)	**Evangelie van genade verduidelik (3-4)**	**Evangelie van genade toegepas (5-6)**
Wie die Galasiërs was of presies wanner die boek geskryf is, kan nie met sekerheid gesê word nie (tussen 48 tot 56nC)		
Die outobiografiese argument: Die evangelie geopenbaar	Die leerstellige argument: Die evangelie aangekondig	Die praktiese argument: Die evangelie toegepas

Dag	**Dag se brood**	**Meer heuning**
Ma	Gal 1:11-24	Gal 1
Di	Gal 2:15-21	Gal 2
Wo	Gal 3:1-14	Gal 3
Do	Gal 4:21-31	Gal 4
Vry	Gal 5:1-12	Gal 5:1-12
Sat	Gal 5:13-25	Gal 5:13-25
Son	Gal 6:1-10	Gal 6

Christus het ons vry gemaak om werklik vry te wees. Staan dan vas in hierdie vryheid (Gal 5:1).

Soos in 2 Korintiërs verdedig Paulus ook sy apostelskap, maar die doel van sy Galasiërs brief is om te verduidelik dat mens nie van jou sonde vrygespreek word deur die wet van Moses te onderhou nie, maar alleen deur in Jesus Christus te glo.

Paulus se intieme inleiding onbreek en hy begin dadelik met sy argument dat hy die evangelie van Christus self ontvang het (1:11-12). Dit is nie deur ander apostels aan hom oorgedra nie, maar dit kom met hulle leer ooreen (1:16-2:10). Sy boodskap is dus eg en waar.

Die evangelie is nie iets nuuts nie, maar is reeds in die Ou Testament geleer en aangekondig (3:8). Abraham is die groot Ou Testamentiese voorbeeld van iemand wat op grond van sy geloof in God van sonde vrygespreek is. Dit het gebeur nog voor God die wet aan Moses gegee het, so hy kon nie op wetsonderhouding vrygespreek word nie (3:9-14). Die wet moes mense na geloof lei (3:19-22). Paulus beskryf dat gelowiges nie meer deur die wet gebind is nie deur ‘n vergelyking van slawe en kinders (3:23-4:7).

Persoonlike ondervinding bewys dat die evangelie ‘n verandering in ‘n mens se lewe bring. Die mens is nie net vry van die wet nie, maar ook vry van die slawejuk van die sonde (Gal 5:1). Die Heilige Gees stel mens in staat om oorwinning oor die sondige natuur te verkry. Die Heilige Gees bewerkstellig ook dat mens ‘n vrugbare lewe in diens van God lei – hy bepaal die gelowige se gedrag as vrug van die Gees (Gal 5:22-23)

Memoriseervers: *En tog weet ons dat 'n mens nie van sonde vrygespreek word deur die wet van Moses te onderhou nie, maar alleen deur in Jesus Christus te glo. (Gal 2:16).*

Evangelies	Evangelie versprei	Verlossings leer	Briewe uit gevangenis	Opvolger riglyne	Kerk en lyding	Kerk en dwaalleer	Wederkoms	Die einde

Galasiërs oorsig

Paulus se eerste argument (Gal 1,2).
Hierdie evangelie is regtig waar,
want God het dit aan my verklaar. (Gal 1:11,12)
Ek het die apostels ontmoet na veertien jaar
en toe gesien dat ons die evangelie dieselfde verklaar! (Gal 2:1,2)

Jy word nie van sonde vrygespreek deur die wet te onderhou
maar alleen deur in Jesus Christus te glo en vertrou. (Gal 2:15)

Paulus se tweede argument (Gal 3).
Hierdie evangelie wil nie ou dinge omkeer.
Dis reeds so in die Ou Testament geleer.

Dit staan reeds in Genesis so:
Abraham is vrygespreek omdat hy glo. (Gal 3:8,9)
God het eers in die verbond getree
en vierhonderd jaar later die wet gegee. (Gal 3:17).
Wat ons daarin moet sien
is dat ons niks met wetsonderhouding verdien.

God het Sy Seun gestuur op sy tyd
om ons los te koop van slawerny se stryd.
Ons is as kinders van God aangeneem
en so van al ons sonde vervreem! (Gal 4:4-7)

Paulus se derde argument (Gal 5).
Christus het ons vry gemaak
om werklik vry te wees.
Moenie weer ‘n slaaf raak
van wette wat jul lees. (Gal 5:1).

Deur die werking van die Gees
sal jy verstaan wat jy lees.
Jy word vrygespreek deur te glo.
Plaas jou hoop en verwagting daar bo. (Gal 5:5)

Die wet het net een gebod as jy dieper delf:
Jy moet jou naaste liefhê soos jouself!
Moenie mekaar byt en verskeur,
laat jou lewe deur die Gees beheer.
Wat jou sondige natuur begeer,
is in stryd met wat die Gees jou leer. (Gal 5:14-17).

Die vrug van die Gees
is liefde, vreugde, vrede,
geduld en vriendelikheid sonder rede.
Goedhartigheid,
getrouheid,
nederigheid,
en om jouself te beheers. (Gal 5:22-23)